

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen God se uitvoer en openbaring van sy verlossingsplan en mense se selfopgemaakte godstories van afgode. God maak nuus en laat sy verlossing gebeur. Vir afgode moet mense stories met mooi boodskappies opmaak waarin mense hulle kan inleef. Nuus word geglo, nie beleef nie. Net so word God se verlossingsdade geglo. Godstories word beleef. Die evangelie van God se magsdade word deur getuies aangekondig. Godstories word deur storievertellers opgemaak. Die Bybel noem godstories fabels, mits en legendes. Die NG Kerk is besig om nuwe godstories op te maak in die plek van die getuienis van die heilsdade van Christus, sodat mense nie meer in die evangelie glo nie maar met God identifiseer.

Skriflesing Efe. 1: 13 – 14; Rom. 1: 16; 2 Pet. 1: 16 – 16

Teks Rom. 1: 16 “Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing van elkeen wat glo, ...”

Tema Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie.

1. Wat is die verskil tussen 'n storie en 'n nuus?

'n Storie is 'n selfopgemaakte verhaal deur en in mense se verbeelding. Nuus is die aankondiging van 'n gebeurtenis. 'n Storie is nooit iets wat gebeur het nie en nuus is nooit iets wat in mense se verbeelding opgemaak is nie. Nuus gaan oor wat gedoen is en wat daardeur gebeur nie.

Alles wie Jesus Christus is en wat Christus as Here doen, word in die Bybel “Die evangelie” genoem. Hoekom?

Die woord evangelie beteken in ons taal vandag, die nuus oor Jesus Christus. En dan nie sommer net 'n nuus nie, maar goeie nuus. Goed, nie omdat die berig mooi aangekondig word nie, maar goed omdat dit wat gebeur het waaroor berig word goed is. Die evangelie is die aankondiging van die gebeurtenis van Jesus Christus. Hy en wat Hy doen, is die nuusgebeurtenis. Anders gestel, die evangelie is die goeie wat Christus doen en goeie wat gebeur omdat Hy dit doen.

Nog 'n verskil tussen stories en nuusberigte is dat stories opgemaakte vertellings is van mense. Mense wat stories vertel “storievertellers”, “skrywers” en “digters” genoem word. Nuusberigte is aankondigings van gebeurtenisse volgens ooggetuies wat die gebeurtenis self gesien het en self deel was van wat gebeur het. Die aankondiging van hierdie gebeure word berigte genoem, nie stories nie.

Hoekom vertel mense stories en hoekom gee mense nuusberigte?

Mense vertel stories om met verbeeldingsvlugte mekaar te inspireer, te motiveer, te vermaak, te help ontvlug, mekaar te laat droom, fantaseer, mekaar se eie gevoelens, gedagtes, belewenisse en aandoenings te verwoord en in mekaar se verbeelding te leef.

Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie

Nuusberigte word aangekondig omdat dit wat gebeur, die wêreld verander. Dit wat gebeur verander mense mense en die wêreld waarin hulle leef. Nuusberigte word aangekondig om die kragte en magte wat dinge laat gebeur bekend gemaak kan word.

2. Die evangelie is 'n gebeurtenis, nie 'n storie nie. Daarom kondig Paulus in Romeine 1: 16 Christus aan as “die krag van God.” Hierdie beskrywing “krag van God” wys wat God doen en laat gebeur wat die wêreld en almal se lewe verander. “Evangelie” is 'n beskrywing van wat God deur sy krag as God doen en laat gebeur met mense in die wêreld. Dit is nie goddelike kragte wat Hy aan mense meedeel nie. Dit is die krag waarmee Hy God doen wat God doen.

In Jesaja 40: 1 en 2 word die evangelie só aangekondig in die 1983 vertaling: “Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê. Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes.”

Hierdie is die aankondiging van die uittog van die Israeliete uit die Babiloniese gevangenskap

Hulle bevryding uit die gevangeskap in Babel is nie 'n mooi storie wat hulle inspireer om die beste van hul slegte lewe in Babel te maak nie. Dit is nie 'n storie wat hulle laat droom van die ou dae toe hulle nie gevangenis was of 'n idealistiese visie wat hulle mobiliseer of om te oorleef of om om weg te breek uit die mag van Babel nie.

Dit is die aankondiging dat God die mag van Babilonië waarmee hulle land verniel, verwoes, geplunder was en hulle die slawe van 'n godlose gemeenskap geword het, gebreek het. Die aankondiging van die goeie tyding volgens Jesaja 40 verse 9 – 11 is dat God Magtig is, sy volk regeer en hulle binne sy liefde laat leef, deur die magte wat hul gevange hou te vernietig. God is só magtig dat Hy doen en laat gebeur wat sy volk verlos uit die mag van goddeloses!

Evangelie, die goeie tyding gaan oor wat God met mense doen, laat gebeur, om binne sy liefde en sorg in hierdie wêreld te kan leef.

3. Teenoor die goeie nuus van wat God doen met sy volk, staan die afgode van die wêreld wat niks kan doen nie. Afgode is gode wat niks kan doen en laat gebeur nie. Jesaja beskryf afgode só in Jes. 41: 24 :”Maar julle is niks, julle kan niks doen nie. Wie julle as gode kies is self afskuwelik.” en in vers 29 “Hulle is almal vals, hulle kan niks doen nie, hulle beelde beteken niks, kon net sowel nie daar gewees het nie.”

Afgode laat niks mense mense gebeur nie en doen niks in hierdie wêreld nie.

Daarom is alles wat van afgode vertel word, net mities, legendes en godstories. Paulus onderskei spesifiek die evangelie van mense se stories oor God deur vir Timoteus te sê dat hy hom nie met godlose mites moet besig hou nie (1 Tim. 1: 4 en 4:7)

Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie

Die apostel Petrus stel dieselfde in 2 Pet. 1: 16 dat hulle as apostels die kragtige teenwoordigheid van God bekend maak, en hulle nie met vindingryke fabels oor God besig hou nie.

Vindingryke fabels is opgemaakte stories oor God. Alle opgemaakte stories oor God is volgens die Woord van God niks anders as fabels, legendes en mites nie. Stories oor gode wat niks kan laat gebeur nie omdat hulle niks in die wêreld doen nie.

Volgens die apostels self is die evangelie nie stories en fabels oor God nie want dit is nuusberigte oor wat God doen.

4. Nuusberigte word aangekondig deur ooggetuies, nie opgemaak deur storievertellers nie.

Petrus as apostel stel in 2 Pet. 1: 16 dat hulle nie fabels oor God vertel nie, maar ooggetuies is van die ontsagwekkende grootheid van God. Hulle was ooggetuies wat God besig was om te doen, en dan bedoel Hy wat Jesus Christus as God besig was om te doen.

Apostels is ooggetuies van wat hulle God sien doen het!

Daarom kondig die apostel Johannes hulle aankondiging van die evangelie as volg aan in 1 Joh. 1: 1 “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aandagtig bekyk het, en wat ons met ons hande aangeraak het, aangaande die Woord van die lewe, dit verkondig ons aan julle.”

Hulle was ooggetuies, van wat Jesus Christus as Here en God gedoen het. Hulle het Hom en wat Hy doen en laat gebeur, gesien, gehoor en aan gevat. Daarom was hulle bevoeg om die nuus aan te kondig oor wie Christus is en wat Hy as God doen.

Net so was die kwalifikasie om 'n apostel te wees volgens die verkiesing van 'n nuwe twaalfde apostel in die plek van Judas nie hoe sterk leier hy sou wees, hoe goeie voorbeeld, of hoe bekwame mentor hy moet wees nie, maar dat hy 'n ooggetuie moes wees wat vanaf Johannes die Doper tot en met Jesus wat uit die dood uit opgestaan het, gebeur het.

Ook met Paulus was die rede wat die Here self aan Paulus gegee het vir die Here Jesus se verskyning op die Damaskuspad om hom 'n ooggetuie te maak volgens Hand. 26: 16: “Maar kom op jou voete, staan regop, want hiervoor het Ek aan jou verskyn: om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het en van dit waaroor Ek nog aan jou sal verskyn.”

Die Here het nie opvolgers, leiers, voogde, leermeesters, mentors, rolmodelle, organiseerders, bestuurders, direkteure of storie-vertellers aan gestel om die evangelie aan te kondig nie – maar getuies! (Luk. 28: 48

Getuies om die nuus aan te kondig van wat Hy as Here besig is om te laat gebeur.

6. Ou nuus kan nie goeie nuus wees nie!

Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie

Daarom is die evangelie nie die ou nuus van wat Jesus Christus 2000 jaar gelede gedoen het met sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding gedoen het nie. Christus is nou besig om aan die regterhand van God die Vader as Here ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as mens is – Hy maak ons elke oomblik van ons lewe heilig en onberispelik vir God se liefde.

Die evangelie is die nuus van wat Christus nou doen en met ons laat gebeur!

Dit is presies wat Paulus aankondig aan die gemeente in Efese in Efesiërs 1: 13 – 14. Hy stel dat die evangelie van verlossing wat hulle gehoor het, (1: 13) is die aankondiging van die onvergelykbare grootheid van die mag van God wat God uitoefen deur Christus as Here aan die Vader se regterhand!

Die uitoefening van God se mag het Christus uit die dood opgewek as mens en Hom as Here aan die Vader se regterhand laat sit. Christus wat as mens lewend uit die graf opstaan, is nie 'n mooi storie met 'n belangrike boodskap nie en nie die verbeelding van die dissipels gewees nie.

Dit is 'n magsdaad van God waardeur Hy Jesus werklik uit die dood laat opstaan om weer lewend mens te wees en Here aan God se regterhand te laat wees. Die evangelie is 'n gebeurtenis deur God se mag bewerk.

Die evangelie is nie net wat God die Vader met Christus gedoen het, nie maar wat Hy nou besig is om deur Christus te doen. Wat Hy nou besig is om te doen is om sy kerk te vervul met die volheid van alles wat Hy vir hulle bewerk het.

Efesiërs 1: 1 – 14 is 'n opsomming van die volheid waarmee Christus as Here elke dag nou besig is om sy kerk mee te vervul. Deur sy offer is Hy besig om ons heilig en onberispelik vir God se liefde te laat wees. Hy is die sonder in ons plek gewees sodat ons in sy plek God se heilige en onberispelike kinders kan wees.

Só is Christus nou besig om ons met sy seëninge te seën. (Efe.1: 2)

7. Dit is ook die betekenis van die woord – “glo”!

Paulus stel dat geloof is om die Woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing te hoor en te glo! (Efe. 1: 13) Geloof is om die nuus in die nuusberig oor wat God doen en laat gebeur te glo. Geloof is nie om jou eie geloof oor wat jy dink gebeur het, te glo, jou eie oortuigings oor of jou eie opvattinge te glo nie. Geloof is om die betroubare berig te glo vir wat gebeur het.

Deur te glo in wat God gedoen het word jy deel van wat God gedoen het. Deur te glo word jy deel van die gebeure. Jy word deel van die groot mag wat God besig is om uit te oefen in en deur Jesus Christus.

Mense glo nie stories as nuus nie en wil ook nie stories hoor as hulle nuus wil hoor nie. Niemand luister na stories om dit as nuus te glo nie. Elkeen is ingestel om nie fopnuus te glo as regte nuus nie. En fopnuus oor God is vir almal mites, legendes en fabels oor God.

Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie

Hoekom luister en geniet mense na stories wat hulle weet stories is?

Want stories is 'n belewenis. Dit wil beleef word en mense wil dit beleef. Niemand wil stories hoor om te glo nie. In stories beleef mense hulself deur hulself in die storie in te leef. Mense hoor en beleef stories om gemotiveer te word, om selfgeregverdig te wees, om bemagtig te word, om vermaak te word, om in jou eie verbeeldings-, idealistiese en gevoelswêreld te leef.

Daarom maak mense oor God stories op, fabels, verdigsels en legendes van afgode wat self niks doen of lat gebeur nie, om hulle self en en deur hulle afgod te beleef. Wie Woord van God, die Bybel, is die goeie nuus van wat God doen en laat gebeur, hier en nou, en nie godstories met mooi boodskappies nie. Die evangelie is die nuus oor God wat ons glo om só deel te wees van wat god laat gebeur. Dit is nie stories wat ons beleef om in 'n wêreld waar God self niks is en niks doen te ontvlug nie.

8. Wie is Jesus Christus?

Is Hy die afgod van mooi stories oor God, God se mooi storie met 'n mooi boodskap waar in ons onself inleef, maar as God self niks is en niks kan doen nie? Of is Jesus Christus God wat self die Nuusmaker is, God wat self doen wat God doen en wat self laat gebeur wat God laat gebeur?

Die NG Kerk is besig om van God 'n mooi storie te maak in 'n nuwe veldtog wat hulle noem "missionaliteit". Deel van hierdie missionaliteit is dat lidmate geleer word om nie meer te getuig nie. In die plek van die getuigenis van lidmate het hulle iets heel nuuts geskep – lidmate moet hul eie godstories opmaak en vir mekaar vertel. Dit word openlik so gepropageer dat jy nie meer moet getuig maar moet jou eie godstories opmaak en moet vertel.

Hoekom? Sodat mense in jou godstories God kan beleef! Nou moet ons God beleef ook met meditasie, seremoniële optogte en om die Bybel te gebruik om godservarings te kry.

Hoekom? Want só gaan ons nou vir onself 'n wêreld van hoop en geluk skep binne hierdie slegte wêreld waar ons nie meer goeie nuus hoor nie! So gaan ons ontvlug uit die wêreld waar God in elk geval niks werklik kan doen en niks werklik kan laat gebeur nie. Met hierdie nuwe godstories skep die kerk nou 'n kloosterorde waarin lidmate in hul eie godstories kan leef.

Dit is 'n kerk wat nie meer die evangelie verkondig nie, nie meer die goeie nuus van wat God werklik deur sy groot mag doen in hierdie wêreld aankondig nie. Dit is 'n kerk wat nie meer glo in wat God doen nie, maar net stories oor God wil beleef.

Ons is die kerk wat die nuus oor Christus hoor en glo, ons is nie 'n kultus wat ons eie godstories opmaak en beleef nie. Christus is God wat doen en laat gebeur, nie 'n afgod wat met stories beleef word nie.

9. Hoe is die evangelie aangekondig gewees aan die skaapwagters, as 'n mooi storie of as die nuus oor die goeie wat God gedoen het?

Christus is die Nuusmaker, nie 'n godstorie nie

“Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'bron van vreugde sal wees. (Luk 2: 10)

Die engel het nie saam met die skaapwagters om die vuur gaan sit en mooi godstories sit en vertel nie. Hy het die goeie wat god laat gebeur het, die evangelie aangekondig.

Kom ons toets onself!

Glo ons die nuus oor God in Jesus Christus of wil ons onself in godstories inleef, in ons eie mites, legendes en fabels oor God?

Ons is die kerk van die Here. Ons hoor en glo die evangelie. Ons is nie 'n kultus wat onself inleef in stories oor God nie!